higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT DIE REGTE
NKR VLAK 2

7 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 D
1.2 B
1.3 B
1.4 B
1.5 A
1.6 D
1.7 B
1.8 A
1.9 C
1.10 D

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 I
2.2 L
2.3 A
2.4 E
2.5 J
2.6 C
2.7 B
2.8 M
2.9 D
2.10 G

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Onwaar
3.2 Waar
3.3 Waar
3.4 Waar
3.5 Onwaar

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1
4.1.1 reëls
4.1.2 interaksie
4.1.3 norme
4.1.4 gewete
4.1.5 reël

(5 × 1) (5)

4.2
4.2.1 eiendomsreg
4.2.2 roerende
4.2.3 lewering
4.2.4 onroerende
4.2.5 registrasie

(5 × 1) (5)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 **Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word. Aanvaar enige toepaslike voorbeeld:**

- Kranksinnigheid: ’n onvermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei, of die persoon is nie in staat om die aard en gevolge van sy/haar optrede te verstaan nie.
- Bedwelming: ’n tydelike onvermoë van mense om die gevolge van hul optrede te verstaan terwyl hulle onder die invloed van dwelms en/of alkohol is.
- Verkwisting: die situasie waar ’n persoon met normale verstandelike vermoë weens die een of ander gebrek aan oordeel nie in staat is om dag-tot-dag-verpligtinge behoorlik te bestuur nie. (6 × 2) (6)

5.2 **Aantekening aan die nasiener: Ken EEN punt toe vir enige SEWE van die volgende.**

- Vorder die bates van die boedels in en bewaar dit.
- Doen verslag aan krediteure oor die insolvente se sake.
- Roep vergaderings met krediteure byeen om eiste te bewys.
- Bestudeer bewese eise.
- Ondervra die insolvente en andere.
- Likwideer bates ooreenkomstig instruksies van krediteure.
- Vorder uitstaande skulde in wat aan boedels verskuldig is.
- Stel rekeninge op vir bekragtiging deur die Meester voordat krediteure betaal word. (7)

Kopiereg voorbehou

(Enige 7 × 1)

5.3 **Aantekening aan die nasiener: Ken EEN punt toe vir enige SEWE van die volgende.**

- Niemand mag sonder geldige rede en behoorlike prosedures tronkstraf opgelê word nie.
- Niemand mag sonder ’n verhoor aangehou word nie.
- Elkeen het die reg om vry van enige vorm van geweld te wees – hetsy van openbare bronne (die polisie) of private bronne (’n dronk eggenoot wat sy vrou en kinders mishandel).
- Marteling word onder geen omstandighede toegelaat nie.
- Niemand mag op ’n wrede, onmenslike of vernederende manier behandel of gestraf te word nie.
- Elkeen het beheer oor sy of haar eie liggaam, met inbegrip van die reg om te besluit om kinders te hê (of nie te hê nie)
- Niemand mag sonder hul toestemming vir mediese of wetenskaplike eksperimente gebruik word nie. (7)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 **Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word.**

- Strafsake: ✓ Distrikshowe kan nie ernstige misdrywe soos moord en verkragting verhoor nie. ✓ Hulle verhoor gewoonlik minder ernstige oortredings soos diefstal, dronkbestuur en aanranding. ✓ ’n Distrikshof mag nie ’n vonnis van gevangenisstraf✓ van langer as drie jaar oplê ✓ of ’n boete van meer as R60 000 oplê nie.
- Siviele sake: ✓ Hulle het geen jurisdiksie in sake wat binne die uitsluitlike jurisdiksie van Hoë Howe val nie. ✓ ’n Distrikshof kan slegs sake aanhoor waar die bedrag van die eis minder as R100 000 is. ✓
- Grondwetlike sake: ✓ ’n Distrikshof het jurisdiksie in grondwetlike sake ✓ slegs indien ’n Parlementswet die jurisdiksie daaraan verleen. ✓ (12)

6.2 **Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word.**

Inheemse reg is hoofsaaklik ongeskrewe. ✓ Dit is gebruiklik en tradisioneel. ✓ Oudstes dra dit reeds geslagte lank van generasie tot generasie oor. ✓ Daar is nie slegs ’n enkele inheemse regstelsel in Suid-Afrika nie. ✓ Elke kulturele groep het sy eie regstelsel wat ten opsigte van sommige detail van dié van ander kulturele groepe verskil. ✓ (5)

6.3 **Aantekening aan die nasiener: Ken EEN punt vir enige DRIE van die volgende toe.**

Drie onafhanklike vertakkings van regering:
- Die wetgewende gesag
- Die uitvoerende gesag
- Die regsprekende gesag (3)

6.4 **Aantekening aan die nasiener: Ken EEN punt vir enige TWEE van die volgende toe.**

'n Prys wat die bruidegom vir die bruid betaal, tradisioneel met beeste. (2)

6.5 **Aantekening aan die nasiener: Ken EEN punt toe vir enige DRIE van die volgende.**

- Kinderhowe
- Onderhoudshowe
- Gesinshowe
- Gelykheidshowe
- Howe vir klein eise
- Spesiale howe (Enige 3 × 1) (3)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

Aantekening aan die nasiener: Sien slegs VRAAG 7 of VRAAG 8 na.

VRAAG 7

7.1 Volgens die stelsel van regspresedent bind die beslissing van hoër howe die laer howe. Vorige beslissings van alle howe bind ook hierdie howe, tensy die beslissings verkeerd is. (5)

7.2 **Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word.**

- Die Konstitusionele Hof is die hoogste hof in die land en die hoogste hof in grondwetlike sake.
- Die Hoogste Hof van Appèl is, naas die Konstitusionele Hof, die hoogste hof in Suid-Afrika. Dit hanteer slegs appèlle teen beslissings in hofsake van die Hoë Hof. Behalwe die Konstitusionele Hof kan geen ander hof die beslissing van die Hoogste Hof van Appèl verander nie. Die Hoogste Hof van Appèl kan ook een van sy eie beslissings verander. Sy uitsprake bind alle ondergeskikte howe in die land. Sy eie uitsprake bind die hof, tensy dit (10)

verkeerd was.

- Die uitsprake van die Hoogste Hof van Appèl bind Hoë Howe en hul plaaslike afdelings. Waar daar geen toepaslike uitsprake is nie, bind hul eie vorige uitsprake hierdie howe, tensy dit verkeerd was.
- Die uitsprake van die Hoogste Hof van Appèl bind laer howe, landdroshowe, distrikshowe en tradisionele howe. Waar daar geen toepaslike uitsprake is nie, bind uitsprake van die Hoë Hof in hul provinsies hierdie howe.

Kopiereg voorbehou

7.3 **Aantekening aan die nasiener: Ken EEN punt toe vir enige VYF van die volgende.**

- Die Konstitusionele Hof
- Die Hoogste Hof van Appèl
- Die Hoë Howe, insluitend enige Hoë Hof van Appèl
- Landdroshowe en streekshowe ✓
- Enige ander hof ingestel of erken ingevolge ’n Parlementswet (5)

[10]

OF

VRAAG 8

8.1 **Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word.**

- Geskille tussen staatsorgane in die nasionale of provinsiale sfeer rakende grondwetlike status, magte ✓ of funksies ✓ van enige van hierdie staatsorgane.✓
- Die grondwetlikheid van parlementêre of provinsiale Wetsontwerpe✓ nadat die president of die premier van ’n provinsie dit na die Konstitusionele Hof verwys het.
- Die grondwetlikheid van parlementêre of provinsiale Wetsontwerpe nadat lede van die Nasionale Vergadering✓ of ’n provinsiale wetgewer aansoek by die Konstitusionele Hof gedoen het vir ’n bevel wat die wetsontwerp ongrondwetlik verklaar.
- Die grondwetlikheid van enige wysiging van die Grondwet.
- Die vraag of die parlement of die president versuim het om ’n grondwetlike plig na te kom.
- Die sertifisering van ’n provinsiale grondwet. (Enige 5 × 1) (5)

8.2

NATUURWETTE	SAMELEWINGSWETTE
Beheer die werking van die natuur	Beheer die optrede van mense
Van toepassing op alle wesens oral	Van toepassing op sommige mense in sommige situasies
Fisieke skade dwing dit af	Strafmaatreëls of straf dwing dit af.
Dit is nie altyd van menslike ingryping afhanklik nie.	Dit is afhanklik van die ingryping van mense wat dit afdwing
Die swaartekragwet is ’n voorbeeld.	Die Padverkeerswet is ’n voorbeeld.

(5 × 2) (10)

8.3 **Aantekening aan die nasiener: Ken EEN punt toe vir enige VYF van die volgende.**

- Die gebruik moet redelik wees.
- Die gebruik moet reeds geruime tyd bestaan.
- ’n Gemeenskap moet die gebruik erken en volg.
- Die inhoud van die gebruik moet seker en duidelik wees.
- Die gebruik moet ’n gevestigde praktyk wees.
- Die meerderheid mense in ’n gemeenskap moet deur die gebruik gebind voel.

(Enige 5 × 1) (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou